# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 1 01 November 2020

## Matteus 26:36-46

Jesus, wat kort na hierdie gebeure waarvan ons lees die volmaakte en finale Paaslam sou wees, het saam met Sy dissipels in die bovertrek van 'n huis in Jerusalem die paasmaaltyd genuttig (26:26-30). Tydens die maaltyd het hulle saam brood geëet en wyn gedrink. Dit brood en wyn sou in die eeue daarna tydens die nagmaalviering gebruik word. Na ete het hulle na die tuin van Getsemane teen die Olyfberg gegaan.

Jesus het doodsbenoud gevoel en was diep ontsteld oor Sy komende lyding. Die aanvoeling en wete dat Hy op sy afstuur, was vir Hom soos enige ander mens in dergelike omstandighede 'n diep geestelike en fisiese worsteling. Hy sê vir sy dissipels dat hulle saam met Hom moet waak terwyl Hy tot Sy Vader bid. As gevolg van daardie worstelstryd het Hy volkome begrip vir ons stryd en lyding. Deur Sy verhouding met God die Vader het Hy die krag gehad om gehoorsaam te wees. Die Vader is ook die bron van ons krag!

Dan lees ons in vers 39 dat Jesus nie opstandig was teen die wil van die Vader toe Hy gevra het dat die lydensbeker van Hom weggeneem moes word nie. Inteendeel, die feit dat Hy spesifiek gevra het dat die Vader se wil gedoen moes word, het bevestig dat Hy onder alle omstandighede Sy Vader se wil wou doen. Sy gebed vertel vir ons meer omtrent die verskriklike lyding wat Hy moes deurmaak.

En ons kan, mag en moet ook bid: "maar soos U wil" (vers 39), want ons bid tot ons hemelse Vader wat ons tog baie goed ken en wat Sy skeppingswerke steeds onderhou en daaroor regeer. Om te bid "soos U wil" is eintlik 'n uiters ongemaklike saak wat ons vra, want hoe moet ons die wil van God verstaan as ons die bitterste beproewing moet deurworstel en bid om genesing en uitkoms en dit gebeur nie? En dan, wanneer die ergste dan tog nog gebeur nadat ons so mooi gevra het, hoe kan God sê dat sy wil alleen maar GOED is? Christus is vir ons 'n voorbeeld van hoe om 100 persent aan God en Sy wil gehoorsaam te wees, dit maak nie saak wat met jou gebeur nie. Dit gaan hier oor Jesus se gehoorsaamheid tydens Sy lyde wat van Hom gevra word sodat Hy volkome vrywillig, sonder Sy eie wil, aan die wil van die Vader alleen gehoorsaam en steeds blymoedig sal wees.

Daar in die tuin van Getsemane sien ons Jesus onder die leiding van die Heilige Gees bid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil." Hy onderwerp Hom ten volle onder die wil van God. Dit gaan nie oor Homself nie. Nee, dit gaan oor God wat deur Christus se lyde en dood verheerlik moet word.

In so 'n algehele onderworpenheid kan ons ook bid en aan God se wil gehoorsaam bly. Daarin moet ons berus. Vir Christus het die lydensbeker nie verbygegaan nie. Hy moes dit drink, Hy moes sterf, en in hierdie onvoorwaardelike gehoorsaamheid moet onsself vrede en kalmte vind. So het Christus troos, krag en sterkte in sy lydensweg ontvang. So het Hy opgestaan en Sy kruis in volle gehoorsaamheid aan die wil van sy Vader tegemoet gegaan. Hy het nie 'n enkele keer sy eie belange vooropgestel nie. So is sy gebed verhoor, al wag daar pyn en lyding op Hom – dit is die wil van God.

Ons moet God dank vir Sy genade in en deur die Grootste Verlosser en Middelaar, wat ons deur Sy Gees elke dag kan help om die wil van ons Vader te doen. Laat Sy wil in ons lewens geskied, en weet verseker dit sal enkel en alleen net goed wees vir ons.

## Liturgie

### Verwelkoming

Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

### Votum & Seëngroet

'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.

- O Jesus kom tog nader -

### Loflied

- Heilig, heilig, heilig (LB 169) -

### Skriflesing en Oordenking

- Matteus 26:36-46 -

### Wil van die Here (Wet)

- Psalm 39 -

### Skuldbelydenis

- Efesiërs 6:12-13 -

### Vryspraak (Genadeverkondiging)

- Finale jaars gaan vorentoe -

### Geloofsbelydenis

- Belydenis aflegging-

- O fontein van lewenswater -

### Seën en Amen

Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.

- Amen (LB 315) -

# Delf dieper

## Die wildernis in - Ons is maar mens

### 1) Na mekaar:

1. Hoe gaan dit?
2. Wat sou jy sê is jou swakste eienskap?

### 2) Na God:

1. Lees Matteus 26:36-46

a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?

2. Wat is opmerklik van Jesus se optrede?
3. Hoekom dink jy bid Jesus?

### 3) Na mense:

1. Bid hierdie week soos Jesus die laaste gekeer gebid het in die tuin van Getsemane, met God se wil voor oë.




https://youtu.be/EwJN1ZEilpY




https://youtu.be/qfz8vWzhHS0

# OM MENS TE WEES

## Matteus 26:36-46

Lees hierdie week se gedeelte in die Bybel saam met mamma en pappa. Wat dink jy gebeur eintlik in hierdie teks? Jesus gaan bid in die tuin van Getsemane, maar waarvoor bid Hy en hoekom? Kom ons kyk...


Hierdie deel van Jesus se verhaal gebeur net voordat Hy gevange geneem word om later gekruisig te word. Jesus het drie van Sy dissipels saam met Hom geneem en na Getsemane gegaan. Hier het Jesus gaan bid. In Sy gebed het Hy vir God die volgende gevra: *"My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil."*

Om dit beter te verstaan, vra Jesus hier vir God of dit moontlik sal wees om **nie** gekruisig te word **nie**.

Hoekom dink jy bid Jesus hierdie gebed?

Kom ons sit onsself vir 'n oomblik in Jesus se skoene. Met ander woorde, kom ons dink bietjie hoe Jesus moes voel. Hy het geweet dat Hy gekruisig gaan word en daarom het Hy geweet dat Hy baie seer gaan ervaar. Jesus moes natuurlik bang en onseker gevoel het, of dalk het Hy gevoel dat Hy dit nie sal kan doen nie. Soos ons in vers 41b lees: *"Die gees is gewillig, maar die vlees is swak."*

In Jesus se gebed erken Hy Sy swakheid voor God. Dit is wat ons bedoel wanneer ons sê "om mens te wees" (soos die opskrif). "Om mens te wees" is om ons swakhede te erken.



Almal van ons het swakhede. Dit is, onder andere, die dinge waarmee ons sukkel. Dalk sukkel jy om vriendelik te wees met 'n maatjie wat voorheen lelik met jou was of jou seergemaak het. Dit is 'n voorbeeld van 'n swakheid.

Omdat ons mense is, het ons almal swakhede en ons moet dit erken, veral voor God. Ons moet dan vir God vra om ons daarmee te help. Net soos God vir Jesus met Sy swakheid gehelp het, sal Hy jou ook help met jou swakheid.

Watter swakhede het jy? Gaan dink bietjie daaroor en vra vir God om jou daarmee te help.

## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 01 November** | |
| Louise Hopley | 082 880 8729 |
| **Maandag 02 November** | |
| Michael Krige | |
| **Dinsdag 03 November** | |
| JP Marais | 083 718 8422 |
| Lien Mc Kay | 083 538 4377 |
| Rochelle Rossouw | |
| Gerrie Steyn | 012 804 2690 |
| **Woensdag 04 November** | |
| Mari-Louis Schonken | 072 516 0930 |
| Rita Wessels | 083 603 1984 |
| **Donderdag 05 November** | |
| Bennie de Wet | 079 043 3033 |
| **Vrydag 06 November** | |
| Naomi Visser | 012 803 2793 |
| **Saterdag 07 November** | |
| Galen Jacobs | 082 589 8154 |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - Susan Bianchina

**GESONDHEID**
Tienie Wessels - Nic Visser - George Coetzer
Charles Du Plessis (ICU Wilgers)

**OPERASIES**
Sonia-Marié Kleynhans (Skouer 26/10/2020)

**AFSTERWE**
Christel Hanson se Moeder is oorlede

**SWANGERSKAPPE**
Beyers en Liezel Slabbert

**GEBOORTES**
Mariska en Ruan Auret - Logan (18/09/2020)

**ONS BID OOK VIR**
'n Egpaar in ons gemeente met ernstige huweliksprobleme
die Matriek eindeksamen wat binnekort begin







**Webtuiste:**
**silvertonkruin.com**

**Facebook:**
**@Silvertonkruin**

**Instagram:**
**@Kruinjeug_ng**

**Youtube:**
**www.youtube.com/c/Silvertonkruin**

**Kerkkantoor:**

**Telefoon: 012 804 3577**
**Faks: 086 545 7151**
**e-posadres:**

**admin@silvertonkruins.co.za**

**Kerkkantoor ure:**
**Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00**